# Leef in Hoop

**Bemoediging uit die Woord in die stryd teen MIV/vigs**



# Leef in Hoop

Eerste digitale uitgawe 2022

Bybelteks: Die Bybel in Afrikaans 2020-vertaling
© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2022

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel van inligtingsbewaring en -ontsluiting.

Uitgegee deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Posbus 5500, Tygervallei 7536, Bellville

www.bybelgenootskap.co.za

| | |
|---|---|
| Epub format | ISBN 978-0-7982-2490-1 |
| Mobi format | ISBN 978-0-7982-2491-8 |
| PDF format | ISBN 978-0-7982-2492-5 |

## Inleiding

Miljoene mense in ons land word deur MIV/vigs geraak. Daar is feitlik nie 'n gesin of 'n gemeenskap wat nie deur die epidemie geaffekteer is nie en huishoudings waar kinders aan die hoof staan, het reeds 'n algemene verskynsel geword.

Vigslyers worstel met verskillende emosies soos woede, magteloosheid, verlies, vereensaming en vernedering. Daarby ervaar hulle vrees vir verwerping en die dood terwyl gemeenskappe oral oor ons land gebuk gaan onder armoede as gevolg van die baie broodwinners wat aan die siekte sterf. Hulle weet nie waar om aan te klop om hulp en bemoediging nie.

Hoe hanteer gelowiges hierdie aanslag? Watter antwoorde is daar vir gelowiges? Op talle plekke in die Bybel is daar die versekering dat God by ons is wanneer ander die rug op ons keer en ons op ons eensaamste voel. Ons kan staatmaak op die liefde en trou van God. Wat ook al gebeur, soos Paulus dit stel, niks "kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here" (Romeine 8:39b).

Wanneer jy die Skrifgedeeltes in hierdie boekie lees, dink na oor God se reddende genade en sy beloftes van hoop en vertroosting aan almal wat onder hartseer en lyding gebuk gaan.

## God het ons almal baie lief

Die Bybel bevestig keer op keer dat God vir ons almal omgee ongeag ons liggaamlike of geestelike toestand of status in die gemeenskap. Verder openbaar die Bybel God se besondere

liefde en sorg teenoor diegene wat deur die gemeenskap misken of verstoot word. Jesus het self aan hierdie liefde en besorgdheid gestalte gegee deur sy woorde, dade en lewenswyse. Hy nooi almal uit om Hom te volg:

"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig."

*MATTEUS 11:28-30*

## Jesus het na die wêreld gekom as Verlosser, nie as Regter nie

"God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word. Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie."

*JOHANNES 3:16-18a*

Toe het Jesus uitgeroep: "Wie in My glo, glo nie net in My nie maar ook in Hom wat My gestuur het. En wie My sien, sien ook Hom wat My gestuur het. Ek het as die lig na die wêreld toe gekom, sodat dié wat in My glo, nie in die duisternis sou bly nie. En as iemand na my woorde luister en hom nie daaraan steur nie, veroordeel Ek hom nie, want Ek het nie gekom om die wêreld te veroordeel nie, maar om die wêreld te red. Wie My verwerp en nie my woorde aanneem nie, het reeds iets wat hom veroordeel: die woorde wat Ek gespreek het, sal hom op die laaste dag veroordeel. Ek het nie uit my eie gepraat nie, maar juis die Vader wat My gestuur het, het My

opgedra wat Ek moet sê en wat Ek moet praat. En Ek weet dat sy opdrag die ewige lewe beteken. Wat Ek sê, sê Ek presies net soos die Vader dit vir My gesê het."

*JOHANNES 12:44-50*

## Jesus se liefde sluit almal in

Terwyl Jesus daarvandaan verder gaan, het Hy 'n man met die naam Matteus by die tolhuis sien sit en vir hom gesê: "Volg My!"

Hy het toe opgestaan en Hom gevolg.

Jesus het by hom in sy huis gaan eet, en baie tollenaars en sondaars het saam met Jesus en sy dissipels kom eet. Toe die Fariseërs dit sien, vra hulle vir sy dissipels: "Waarom eet julle leermeester saam met tollenaars en sondaars?"

Maar Jesus het dit gehoor en gesê: "Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. Gaan leer wat dit beteken: 'Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie.' Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars."

*MATTEUS 9:9-13*

## Jesus noem ons sy vriende

"Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie. As iemand nie in My bly nie, word hy weggegooi soos 'n loot en hy verdroog. Die mense maak sulke lote bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand. As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry. My Vader word juis daardeur verheerlik dat julle baie vrugte dra en my dissipels is.



“Soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook lief. Julle moet in my liefde bly. As julle my opdragte uitvoer, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die opdragte van my Vader uitvoer en in sy liefde bly.

“Dit sê Ek vir julle sodat my blydskap in julle kan wees en julle blydskap volkome kan wees. Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet. Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê. Julle is my vriende as julle doen wat Ek julle beveel. Ek noem julle nie meer ondergeskiktes nie, want ’n ondergeskikte weet nie wat sy baas doen nie. Nee, Ek noem julle vriende, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het. Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou. So sal die Vader aan julle gee wat julle ook al in my Naam vra. Dit beveel Ek julle: Julle moet mekaar liefhê!”

*JOHANNES 15:5-17*

Hiérin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.

*1 JOHANNES 4:9-10*

## God is altyd by ons

Soms sukkel ons om God se teenwoordigheid in moeilike omstandighede te ervaar, tog verseker die Bybel ons van sy konstante teenwoordigheid.

## God is altyd by ons, selfs in ons donkerste tye

Die Here is my herder,
ek kom niks kort nie.
Hy laat my rus in groen weivelde.
Hy bring my by waters
waar daar vrede is.
Hy gee my nuwe krag.

Hy lei my op die regte paaie
tot die eer van sy Naam.

Selfs al gaan ek deur donker dieptes,
sal ek nie bang wees nie,
want U is by my.
In u hande is ek veilig.

U laat my by 'n feesmaal aansit,
terwyl my teëstanders moet toekyk.
U ontvang my soos 'n eregas,
ek word oorlaai met hartlikheid.

U goedheid en liefde
sal my lewe lank by my bly
en ek sal tuis wees
in die huis van die Here
tot in lengte van dae.

*PSALM 23*

## God is by ons, selfs as ons vasgevang en hulpeloos voel

In my nood het ek na die Here geroep,
die Here het my gebed verhoor
en my bevry.



Die Here is by my,
    ek ken geen vrees nie;
wat kan 'n mens aan my doen?
Die Here is by my, Hy help my:
ek sal neerkyk op dié wat my haat.
Om by die Here te skuil,
is beter as om op mense te vertrou.

*PSALM 118:5-8*

God self het gesê: “Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie.” Daarom kan ons met vertroue sê:

“Die Here is my helper,
ek ken geen vrees nie:
wat kan 'n mens aan my doen?”

*HEBREËRS 13:5b-6*

## Niks kan ons van die liefde van God skei nie

Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dít: God is vír ons, wie kan dan teen ons wees? Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?

Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry. Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons.

Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard? Daar staan immers geskrywe:

“Dit is oor U dat die dood
    ons dag vir dag bedreig,
dat ons soos slagskape
    behandel word.”

Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

*ROMEINE 8:31-39*

## God bied liefde en aanvaarding aan almal

Soms voel dit asof God sy rug op ons gekeer het en nie meer vir ons omgee nie. Dit is nie waar nie, want God wil graag aan ons vergifnis skenk en ons in liefde aanvaar.

### Die Here is getrou en sy liefde is oorvloedig

Ek wil die Here loof,
met alles wat in my is,
    wil ek sy heilige Naam loof.
Ek wil die Here loof
en nie een van sy weldade vergeet nie.
Dit is Hy wat al my sonde vergewe,
wat al my siekte genees,
wat my red van die graf
en my met liefde en ontferming kroon,

wat my die goeie in oorvloed
laat geniet,
my die jeugdige krag van die arend skenk.

Die Here laat geregtigheid en reg geskied
aan almal wat verdruk word.
Aan Moses het Hy
sy wil bekend gemaak,
aan Israel wat Hy van plan was
om te doen.
Barmhartig en genadig is die Here,
lankmoedig en vol liefde.
Hy sal ons ons sonde nie bly toereken
en nie vir ewig toornig bly nie.
Hy handel met ons
nie volgens ons sondes nie,
vergeld ons nie vir ons
ongeregtighede nie,
want so groot as die afstand
tussen hemel en aarde is,
so groot is sy liefde
vir dié wat Hom dien.
So ver as die ooste van die weste af is,
so ver verwyder Hy ons oortredinge
van ons af.
Soos 'n vader hom ontferm
oor sy kinders,
so ontferm die Here Hom
oor dié wat Hom dien.
Hy weet waarvan ons gemaak is,
Hy hou dit in gedagte dat ons stof is.
Die mens, sy lewensduur
is soos dié van gras,

soos dié van 'n veldblom
    wat oopgaan:
as die woestynwind daaroor waai,
    is dit weg
en sy plek vir altyd leeg.
Maar onverganklik
    is die liefde van die Here
vir dié wat Hom dien,
sy trou vir opeenvolgende geslagte,
vir dié wat getrou bly aan sy verbond
en sy voorskrifte nakom.
Die Here het sy troon
    in die hemel gevestig,
sy heerskappy strek oor alles en almal.

Loof die Here, magtige engele
wat sy opdragte uitvoer,
sy bevele gehoorsaam.
Loof die Here, alle hemelwesens
wat Hom dien en sy wil doen!
Almal wat deur Hom geskep is,
    loof die Here
op al die plekke waar Hy heers!

Ek wil die Here loof!

*PSALM 103*

Uit die dieptes roep ek na U, Here,
luister tog na my, Here,
hoor tog my hulpgeroep.
As U ons sondes
    in aanmerking sou neem, Here,
wie sou dan nog bestaan?



Maar by U ís daar vergifnis:
daarom word U steeds gedien.

Ek stel my vertroue in die Here,
      ek vertrou op Hom,
ek wag op die vervulling van sy woord.
Ek wag op die Here
meer as wat die wagte
      op die môre wag,
wagte op die môre.

Wag op die Here, Israel,
want by die Here
      is daar troue liefde,
by Hom is die verlossing seker.
Hy alleen sal Israel verlos
van al sy sondes.

*PSALM 130*

## God is by ons in krisistye

Luister, so sê die Here
wat jou geskep het, Jakob,
wat jou gevorm het, Israel:
Moenie bang wees nie, Ek verlos jou,
Ek het jou op jou naam geroep,
jy is Myne.
As jy deur water moet gaan,
      is Ek by jou,
deur riviere,
      hulle sal jou nie wegspoel nie;
as jy deur vuur moet gaan,
      sal dit jou nie skroei nie,

die vlamme sal jou nie brand nie,
want Ek is die Here jou God,
die Heilige van Israel, jou Redder.
Ek gee Egipte as losprys vir jou,
Kus en Seba in jou plek.
Omdat jy vir My kosbaar is,
omdat Ek jou hoog ag en jou liefhet,
gee Ek mense in jou plek,
volke in ruil vir jou lewe.

Moenie bang wees nie,
Ek is by jou.

*JESAJA 43:1-5a*

## God het medelye met dié wat verwerp word

Dwarsdeur die Skrif openbaar God besondere deernis teenoor die weerloses – byvoorbeeld die weduwees, weeskinders, gevangenes, prostitute en ander wat deur die gemeenskap verwerp word.

### God sien toe dat die weerloses versorg word

"Die Here jou God, Hy alleen is God, die Here: die groot God, die magtige, wat wonderdade doen, wat vir niemand partydig is nie en ook nie omkoopgeld aanneem nie.

"Hy laat reg geskied aan die weeskind en die weduwee. Hy het die vreemdeling lief en gee vir hom kos en klere. Jy moet ook die vreemdelinge liefhê, want jy was self 'n vreemdeling in Egipte. Jy moet die Here jou God eer, Hom dien en aanhang, en wanneer jy 'n eed aflê, moet jy dit in sy Naam doen.
Jy moet Hom prys, want Hy is jou God en Hy het al hierdie

magtige wonderdade wat jy met jou eie oë gesien het, vir jou gedoen."

*DEUTERONOMIUM 10:17-21*

## Die lydende dienaar van God was verag en verwerp

*Die Here sê:*

My dienaar sal voorspoedig wees.
Hy sal hoog in aansien wees,
hy sal baie eer ontvang.
Baie mense was ontsteld oor hom,
hy was so misvormd
dat hy nie meer
soos 'n mens gelyk het nie,
nie meer die voorkoms van 'n mens
gehad het nie.
Maar hy gaan baie nasies
laat opspring van verbasing.
Konings sal sprakeloos wees oor hom,
want hulle sal iets sien
wat nie aan hulle vertel is nie,
hulle sal iets te wete kom
wat hulle nog nooit gehoor het nie.

*Die mense antwoord:*

Wie sal ons glo as ons hiervan vertel?
Wie sal die mag van die Here
hierin kan raaksien?
Die dienaar was soos 'n loot
wat voor die Here uitspruit,



soos 'n plant wat wortel skiet
in droë grond.
Hy het nie skoonheid of prag gehad
dat ons na hom sou kyk nie,
nie die voorkoms dat ons
van hom sou hou nie.
Hy was verag en deur die mense
verstoot,
'n man van lyding
wat pyn geken het,
iemand vir wie die mense
die gesig wegdraai.
Hy was verag,
ons het hom nie gereken nie.

*JESAJA 52:13 – 53:3*

## Jesus is self verwerp

Die soldate vat Jesus toe in die binnehof van hulle hoofkwartier in en roep die hele afdeling bymekaar. Toe trek hulle Hom 'n pers mantel aan en vleg 'n doringkroon en sit dit vir Hom op. Daarna het hulle Hom begin begroet en gesê: "Ons groet u, Koning van die Jode!"

Hulle het Hom herhaaldelik met 'n stok oor die kop geslaan en op Hom gespoeg en hulle knieë gebuig asof hulle aan Hom eer wou bewys. Nadat hulle Hom klaar bespot het, het hulle die pers mantel uitgetrek en weer sy eie klere vir Hom aangetrek. Toe lei hulle Hom weg om Hom te kruisig.

*MARKUS 15:16-20*

# Ons hoop op God strek tot anderkant die dood

MIV/vigs maak ons intens bewus van ons eie sterflikheid en naderende dood. Die Bybel verkondig egter 'n groter werklikheid, naamlik die lewe na die dood.

## Aardse tent en 'n hemelse woning

Om hierdie rede word ons nie moedeloos nie. Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe. Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op 'n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly. Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.

Ons weet dat, wanneer ons aardse woning wat maar 'n tent is, afgebreek word, ons 'n vaste gebou in die hemel het. Dit is 'n woning wat nie deur mense gemaak is nie, maar deur God, en dit bly ewig staan. Terwyl ons in die tentwoning leef, sug ons, want ons verlang daarna dat ons woning uit die hemel ons sal oordek. Ons wil nie ontklee wees en naak voor God staan nie. Ons wat nog in die tentwoning is, sug en voel bedruk omdat ons nie van die aardse liggaam afstand wil doen nie; ons wil die hemelse bo-oor die aardse aantrek, sodat wat sterflik is, verteer kan word deur die lewe. Hy wat ons vir hierdie oorgang voorberei het, is God. As waarborg hiervan het Hy ons sy Gees gegee.

Daarom is ons altyd vol moed. Ons weet dat, solank as ons in die liggaam bly, ons nog nie by die Here woon nie, want ons lewe deur geloof, nie deur sien nie. Ons is vol moed en sou liewer ons verblyf in die liggaam wil verlaat en by die Here gaan woon.

*2 KORINTIËRS 4:16 – 5:8*

## Die dood is oorwin

Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood. Daar staan immers geskrywe: "Alles het Hy aan Hom onderwerp." Maar as die Skrif sê dat alles aan Christus onderwerp is, is dit duidelik dat die Vader wat alles aan Hom onderwerp het, uitgesonder is. Wanneer alles dan aan die Seun onderwerp is, sal Hy Hom ook self onderwerp aan die Vader wat alles aan Hom onderwerp het. So sal God alles wees vir alles.

Kyk, ek maak 'n geheimenis aan julle bekend: Ons sal nie almal sterwe nie, maar ons sal almal verander word. By die laaste trompet sal dit in 'n oomblik, in 'n oogknip gebeur, want die trompet sal weerklink, en die dooies sal as onverganklikes opgewek word, en ons sal verander word. Hierdie verganklike liggaam moet met die onverganklike beklee word, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike. En wanneer hierdie verganklike liggaam met die onverganklike beklee is, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike, dan sal die woord wat geskrywe staan, vervul word:

> "Die dood is vernietig,
>     die oorwinning is behaal."
> "Dood, waar is jou oorwinning?
>     Dood, waar is jou angel?"

Die angel van die dood is die sonde, en die sonde kry sy krag uit die wet van God. Maar ons dank God dat Hy aan ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus.

*1 KORINTIËRS 15:26-28,51-57*

### Geen pyn of dood meer nie

Toe het ek 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien. Die eerste hemel en die eerste aarde het verdwyn, en die see het nie meer bestaan nie. En ek het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, van God af uit die hemel sien afkom. Die stad was gereed soos 'n bruid wat vir haar man versier is.

Toe het ek 'n harde stem van die troon af hoor sê: "Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God. Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan."

*OPENBARING 21:1-4*

## God is die enigste ware bron van hoop

Hoop word in die Bybel beskryf as volkome sekerheid wat op God se beloftes gegrond is en nie op wensdenkery nie. Daarom, as ons ons hoop op God vestig, is ons daarvan verseker dat God uiteindelik die oorhand oor die bose sal kry en dat ons in die oorwinning deel sal hê.

### God is ons toevlug en sterkte

God is vir ons 'n toevlug
en 'n beskerming;
Hy was nog altyd bereid
om te help in nood.
Daarom is ons nie bang nie,
al gee die aarde pad,
al skuif die berge tot in die dieptes
van die see,

al druis en skuim
die waters van die see,
al skud die berge
deur sy ontstuimigheid. *Sela*

Oor die strome van die rivier
is daar blydskap in die Godstad,
in die heilige woning
van die Allerhoogste.
God is daar;
die stad sal nie wankel nie.
God sal hom help
nog voor die môre kom.
Nasies kan raas
en koninkryke wankel,
maar as God sy stem laat hoor,
smelt die aarde weg.
Die Here, die Almagtige, is by ons,
die God van Jakob
is vir ons 'n beskutting. *Sela*

Kom kyk wat die Here gedoen het,
watter ontsettende dinge
Hy op die aarde tot stand bring:
die oorloë oor die hele aarde
laat Hy ophou,
pyle en boë verbreek Hy,
spiese slaan Hy stukkend,
oorlogswaens verbrand Hy met vuur.

Bedaar en erken dat Ek God is,
hoog bo die nasies, hoog bo die aarde.

Die Here, die Almagtige, is by ons,
die God van Jakob
    is vir ons 'n beskutting. *Sela*

*PSALM 46*

## By God is daar barmhartigheid en genade

U het talle benoude ervaringe
    oor my gebring,
maar elke keer weer my lewe gered,
my elke keer weer weggeruk
    uit die mag van die dood.

*PSALM 71:20*

Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered! Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom 'n plek in die hemel gegee, sodat God ook in die tye wat kom, sou laat sien hoe geweldig groot sy genade is deur die goedheid wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het.

Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.

*EFESIËRS 2:4-10*

## Eendag sal ons alles sien soos dit werklik is

Die liefde vergaan nooit nie,
maar die gawe
van profesie sal verdwyn,
die gawe
om ongewone tale en klanke
te gebruik, sal ophou,
en dié van kennis
sal uitgedien raak.
Want ons ken maar gedeeltelik,
en ons profeteer maar gedeeltelik,
maar wanneer die volledige kom,
sal wat gedeeltelik is, uitgedien wees.
Toe ek 'n kind was,
het ek gepraat soos 'n kind,
gedink soos 'n kind,
geredeneer soos 'n kind.
Maar noudat ek 'n man is,
is ek klaar met die dinge van 'n kind.

Nou kyk ons nog
in 'n dowwe spieël
en sien 'n raaiselagtige beeld,
maar eendag sal ons alles sien
soos dit werklik is.
Nou ken ek net gedeeltelik,
maar eendag sal ek ten volle ken
soos God my ten volle ken.



En nou:
geloof, hoop en liefde bly,
    hierdie drie.
En die grootste hiervan is die liefde!

*1 KORINTIËRS 13:8-13*

## God beloof die ewige lewe aan almal wat glo

Almal wat op hierdie aarde gebore word, moet eendag die dood tegemoetgaan. MIV/vigs maak ons nog meer bewus van ons eie sterflikheid, maar die Bybel vertel ons van die Ewige Lewe na die dood vir almal wat God se liefde aanvaar en in Jesus glo.

### Jesus is die weg, die waarheid en die lewe

"Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God; glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. En julle ken die weg na die plek waarheen Ek gaan."

Tomas sê toe vir Hom: "Here, ons weet nie waarheen U gaan nie; hoe kan ons dan die weg daarheen ken?"

Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie. As julle My ken, sal julle my Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom."

*JOHANNES 14:1-7*

## In Jesus Christus is ons toekoms verseker

Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nie. Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.

*JOHANNES 1:11-12*

"Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie. Dié wat my Vader vir My gegee het, is die belangrikste van almal, en niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie."

*JOHANNES 10:28-29*

### God gee vrede

God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus. Deur Hom het ons in die geloof ook die vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan. En ons verheug ons ook in die hoop om deel te hê aan die heerlikheid van God. Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het. Toe ons nog magteloos was, het Christus immers reeds op die bestemde tyd vir goddeloses gesterwe. 'n Mens gee tog nie sommer jou lewe prys nie, selfs nie vir 'n regverdige nie. Ja tog, vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe. Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Aangesien ons nou vrygespreek is op grond van sy versoeningsdood, staan dit soveel vaster dat ons deur

Hom ook van die straf van God gered sal word. Aangesien ons, toe ons nog vyande was, deur die dood van sy Seun met God versoen is, staan dit soveel vaster dat ons, noudat ons versoen is, deur die lewe van sy Seun gered sal word. Maar dit is nie al nie. Ons verheug ons ook in God deur ons Here Jesus Christus, deur wie ons nou die versoening ontvang het.

*ROMEINE 5:1-11*

Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.

*FILIPPENSE 4:6-7*

Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle.

*1 PETRUS 5:7*

## Huidige lyding en toekomstige heerlikheid

Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word. En omdat julle glo, word ook julle deur die krag van God veilig bewaar vir die saligheid wat reeds gereed is om aan die einde van die tyd geopenbaar te word. Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word. Julle geloof is baie kosbaarder as goud, goud wat vergaan. Selfs die suiwerheid van goud word met vuur getoets, en die egtheid van julle

geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus. Hom het julle lief, al het julle Hom nie gesien nie. Deur in Hom te glo, al sien julle Hom nou nie, het julle reeds deel aan die saligheid wat die einddoel van julle geloof is. En dit vervul julle met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap.

*1 PETRUS 1:3-9*

## God skenk ons rus in Jesus Christus

"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig."

*MATTEUS 11:28-30*

## Dit wat werklik saak maak

Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry en een met Hom kan wees: vrygespreek, nie omdat ek die wet onderhou nie, maar omdat ek in Christus glo. Dit is die vryspraak wat God gee omdat 'n mens in Hom glo. Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood.

*FILIPPENSE 3:8b-11*

## Gebede van hoop vir almal wat ly

Mag die Here, wat vrede gee, julle altyd in alle opsigte vrede gee! Die Here sal by julle almal wees!

*2 TESSALONISENSE 3:16*

Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!

*ROMEINE 15:13*

## Vir MIV/vigs-lyers en die mense na aan hulle

Die Bybel het goeie nuus – die goeie boodskap van God se liefde en aanvaarding. Mag hierdie boekie jou bemoedig en vertroos en aan jou wys dat jy nie alleen is nie.

**Mag jy ontdek en glo:**

- God het ons almal baie lief
- God is altyd by ons
- God bied liefde en aanvaarding aan almal
- God het medelye met dié wat verwerp word
- Ons hoop op God strek tot anderkant die dood
- God is die enigste ware bron van hoop
- God beloof die ewige lewe aan almal wat glo
- In Jesus Christus is ons toekoms verseker

# NOTAS

## Troos vir MIV/vigs-lyers en die mense na aan hulle

Die Bybel het goeie nuus – die goeie boodskap van God se liefde en aanvaarding. Hierdie boekie met talle vertroostende Skrifgedeeltes sal jou bemoedig en jou verseker dat jy nie alleen is nie.

Jy sal ontdek:

- God het ons almal baie lief
- God is altyd by ons
- God bied liefde en aanvaarding aan almal
- God het medelye met dié wat verwerp word
- Ons hoop op God strek tot anderkant die dood
- God is die enigste ware bron van hoop
- God beloof die ewige lewe aan almal wat glo
- In Jesus Christus is ons toekoms verseker

Uitgegee en versprei deur die
Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
**www.bybelgenootskap.co.za**

BibleSA.co.za
BibleSA
**Laai ons Bybel-apps hier af.**

ISBN 978-0-7982-1785-9
9 780798 217859